
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

You are now able to read and download all our books , previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering on our website :
www.stangerchristiancentre.com

MEDITEER OP GOD SE WOORD

Mediteer (Hagah)

“Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink sy wet dag en nag. En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi. Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie. Want die Here ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan (Ps. 1:1-6).

Hierdie is een van my gunsteling Psalms. Dit is verbasend dat hierdie die eerste Psalm in die Psalms is en ek voel persoonlik dat hierdie die een is wat die hele boek van Psalms in ‘n neutedop is.

Wat ek graag met julle wil deel is vers 2 - “maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink sy wet dag en nag”.

Dit is ‘n uitdaging en ook ‘n bemoediging vir ons om God se Woord te “mediteer.” In Hebreeus is die woord mediteer hagah (haw-gaw) wat beteken mompel of om ‘n geluid te maak.

Ek weet dat ons baie keer dink dat om te mediteer is om na sagte musiek te luister, opgekrul te lê in ‘n gemakstoel en ons gusteling drankie te drink terwyl ons 'n gunsteling Skrif in ons gedagtes ronddraai! Hoe goed dit ookal klink en daar is niks verkeerd daarmee nie; is dit nie wat die Bybel as mediteer in God se Woord beskou word nie.

In vers 3 word gesê: “En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit”. Elke keer wanneer ek na Israel gegaan het en die ou stede, wat gedurende Jesus se tyd daar was en die ou sinagoges besoek het, het ek dikwels ‘n Dadel-

palm aan die twee kante van die ingang van die geboue uitgegraveer gesien. Die Dadelpalm staan vir Geregtigheid. Dit groei regop en hoog, die takke is groot en gee skaduwee en beskerming vir die voëlneste en net onder die kroonblare waar die vrugte in trosse hang. Sy wortels groei diep en wanneer die woestynwinde waai, beweeg die Dadelpalm glad nie! In daardie droë en dorstige land staan die Dadelpalm onbeweeglik!

Daarom, wanneer ons mediteer, dit uitspreek, daaroor dink soos ons mompel, spreek en verklaar ons die Waarheid oor onsself en diegene rondom ons! Dit spreek God se Woord uit in elke omstandigheid! Memoriseer die Woord om deel te wees van jou spraak, lewe en Hart! "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart" (Heb. 4: 12). Die skrywer van Hebreërs wys ons wat God se Woord vir ons in ons innerlike mens kan doen. Die oomblik wanneer ons sterk (gewortel) in die Woord is, word dit die Swaard van die Gees waarmee ons die goeie geveg van die geloof kan veg! Dieselfde Woord sal 'n lamp vir ons voet wees, wat die Weg, die Waarheid en die Lewe vir ons verlig. Wanneer God se Woord nie gebruik en op die regte manier gespreek word nie sal dit geblokeer en ondoeltreffend word! Vir God se Woord om in ons lewens te werk moet dit in ons hart geplant en deur God se Heilige Gees nat gemaak word dan ... Reageer daarop, lewend in ons lewens, sodat dit vrugte van Geregtigheid sal dra! Om te mediteer op God se Woord is 'n aktiewe, vasberade doel om God en Sy Woord te ken en nie net 'n warm vae gevoel nie.

"Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel. Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan"(Josua 1: 8-9). Hierdie is 'n wonderlike Skrif en storie. Josua het 'n groot geveg in die gesig gestaar om sy leierskap en wandel met God te toets. Hoe het God hom bemoedig? "… bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan." Soos Josua moet ons in ons hart en denke weet wat God se bevele, stellings, planne en doelwitte is en om Sy beloftes en Sy liefde te ken! "Sonder geloof is dit onmoontlik om Hom te behaag, want hy wat tot God gaan moet glo dat hy is en 'n beloner is vir die wat Hom soek" (Heb. 11:6). Ons moet glo dat Hy IS en dat Hy 'n BELONER is! Dit is waar geloof begin en eindig, ons dade spreek duideliker as ons woorde!. As dinge nie vir jou uitwerk nie, is dit miskien nodig dat jy weer die grond van jou hart omploeg, sodat God se Woord geplant en ontvang kan word. Meediteer op Sy Woord en slegs Sy Woord! Sit party van daardie ander boeke neer en vat God se Woord sodat dit sy werk in jou kan doen! " Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan". Josua moes sy woorde in aksie stel, dit moes vir hom snaaks geklink het om rondom Jerigo, sonder om enigiets te sê, te masjeer en die sewende dag te skreeu en die dofar te blaas! Ek is seker dat daar oomblikke was wat die mense hom uitgedaag het en vir hom gesê het hoe simpel en onnosel hulle almal vir die inwoners van Jerigo gelyk het. Josua het God se Woord gehoor en het nie daarvan afgewyk nie. God het die res gedoen!
"Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle"(Jos. 1:3). Dit is die belofte wat Josia aan vasgehou het regdeur sy verowering van Kanaan. Ek wil jou graag bemoedig met die waarheid van hierdie vers, dat soos ons op God se Woord mediteer, ons denke vernuwe en in Sy weë wandel, sal Hy aan ons die oorwinning, vermoë en krag gee om te oorwin!



Skatkis

Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd (Prediker 3:1).

Niks bly dieselfde nie! Die enigste sekerheid is verandering. Soms is 'n seisoen 'n lang tyd, maar wanneer die tyd reg is sal God die deur agter ons sluit en 'n ander een oopmaak. Miskien moet ons vir 'n tyd in die wagkamer versuim voordat ons na die volgende kamer kan aanbeweeg. Wat die geval ook al mag wees, ons moet nie voor Hom uit hardloop en voorskryf wat Hy moet doen nie. Onderwerp jou eerder aan Sy plan, Sy manier en Sy tyd.

Soms is dit aanloklik om terug te hardloop na die wêreld wat ons ken, soos die Israeliete dikwels wou doen. Miskien sukkel ons om te laat gaan en hou aan om soos Lot se vrou agter toe te kyk. Waarvoor God ons ook al roep sal 'n noodsaaklike seisoen vir ons groei in Hom wees en uiteindelik seën.

Hy het vir ons gesê dat daar verskillende seisoene sal wees en elkeen het 'n besonderse doel in ons lewens, soos 'n pragtig ontwerpte laslappie kombers. Laat ons dus aan Jesus vashou en nie bang of ongeduldig wees nie, want Hy ken die begin en die einde, asook alles tussen-in.

Ons kan Hom elke tree van die weg vertrou.

Baie groot dankie

Ons bly verstom en ewig dankbaar vir wat ons Hemelse Vader in ons midde doen. Hy is meer as genoeg en onderhou Sy werk soos ons onsself beskikbaar stel.

Dankie aan elkeen van julle vir julle donasies, dit is ‘n seën vir so baie. Mag julle op elke gebied oorvloedig geseën word.

Liefdegroete
Meg van Zyl en die span

Bankbesonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
FNB
acc 53730091667
tik: huidige/tjek
tak: 220129

UIT ONS KANTOOR

Koester die Woord

“Van die gebod van sy lippe het ek nie afgewyk nie; die woorde van sy mond het ek bewaar meer as my eie wet” (Job 23:12).

Jou houding teenoor die Woord van God bewys die posisie wat God in jou lewe het. Geen mens kan sê dat hulle God werklik lief het en dan geen agtig vir Sy Woord hê nie. Ons kan God glad nie van Sy Woord skei nie; hulle is een. Wanneer ons die waarde van die Woord verstaan en die bewys sien van wat dit in ons voortbring, ontwikkel ons 'n diepe passie daarvoor. Ons begeer dit meer as die natuurlike voedsel wat ons nodig het om te oorleef. Vra aan jouself hierdie vraag: “Watter posisie het God se Woord in my lewe?” Is dit die eerste ding waarheen jy draai en op mediteer in die oggend, of is dit die laaste op jou lys vir die dag? Het jy die Woord van God so lief dat jy jou eie voorkeure sal laat vaar en met 'n gewillie en dankbare hart te doen wat dit ons leer? Die waarheid is dat niemand wat God se Woord eerste stel, teleurgestel sal word nie en elkeen wat dit glo en volg met hulle hele hart, sal nooit beskaamd staan nie. Laat die Heilige Gees vandag toe om die passie vir God se Woord weer aan die brand te steek. Soos jy Sy Woord prioritiseer, sal Hy jou vooruitgang prioritiseer.

Geliefdes, laat ons nou aan die Woord van God die hoogste gesag in ons lewens gee en laat dit die lamp vir ons voet en die lig op ons pad wees. Ek seën julle met die liefde, vrede, goedheid en guns van die Here. Bid dat Hy in elkeen van julle behoeftes sal voorsien en julle veilig en gesond sal hou. Dankie dat ons steeds deur julle bystand van gebede, liefde en donasies kan voortgaan om die Woord uit te dra.

Baie liefde

Meg Van Zyl en die Gebedspan



WHAT MANKIND MENT FOR DEATH, GOD USES TO GIVE LIFE

By Pastor David Gericke

We all have something that we are proud of. Perhaps you've worked diligently to build a thriving business and can provide everything your family needs. Or maybe your children have accomplished something amazing, and you are able to rejoice with them. Typically, we take pride in something positive—a promotion at work, a college degree earned after years of diligent study, or a new baby's arrival. We rarely if ever brag about our failures, embarrassments, or losses.

But that's precisely what Paul did when he wrote to the believers in Galatia. His letter contains a startling statement: "May it never be that I would boast, except in the cross of our Lord Jesus Christ" (Galatians 6:14). To grasp the impact of his words, we must look at the cross from the perspective of those who lived in that time.

The cross was a means of execution—a wretched way to die. The Romans used it to punish those who rebelled against the empire. This particularly cruel form of capital punishment was designed to maintain order by instilling a fear of reprisal. For the Jews who followed God's law, the cross was a sign that the condemned man hanging on it was cursed (Deuteronomy 21:23). No one in those days would have boasted in a cross. It would be like us rejoicing in lethal injection or the electric chair.

In reality, it wasn't the cross itself that captured Paul's heart but the person who hung on it and the purpose for which He died. To understand what transpired on the cross, we must first understand who Jesus Christ is, and in Colossians 1:15-23, Paul has given us an awesome description.

Who is the man who hung on the cross?

"He is the image of the invisible God" (v. 15). No one had ever seen the heavenly Father. But God the Son entered this world through the womb of a virgin: Jesus came in human form, with veiled glory yet with all the fullness of deity. When men nailed Him to the cross, they pierced the hands and feet of almighty God.

No one in those days would have boasted in a cross.

Jesus Christ is "the firstborn of all creation" (v. 15). In Jewish society, the firstborn son was the preeminent heir of all that the father possessed. He was the one who would have authority and honor as the head of the family. In the same way, God the Father has given the Son ownership and authority over creation. Christ Himself created everything visible and invisible. It was all made for Him, and He alone holds it together by His power (Colossians 1:16-17).

Do you realize what this means? The wood that made the cross and the iron that formed the nails existed and were held together by the very one they crucified. How could God be killed by the things He Himself created? He couldn't. What transpired on the cross was a willing sacrifice of the Son of God for mankind.

Why did Jesus allow Himself to be crucified?

Ultimately, the reason was His love for us. When Adam transgressed, the entire human race was plunged into sin and death. Something deep within became terribly corrupted, and the fellowship between God and man was broken. It was our helpless, hopeless condition that brought the Savior into the world. He came to conquer sin for us so we would no longer be held in bondage, separated from God for all

eternity. His purpose was to give life, reconciling us to the heavenly Father. In Jesus, we come home to God—our Father—just as the prodigal son came home to his father and received ready forgiveness, mercy, and restoration.

Peace for All Things

When our Savior hung on the cross, God transformed an object designed as an implement of death into one of peace. It was there that Jesus Christ made reconciliation between a holy God and sinful man. Eiréné—the Greek word for "peace"—means "to bind together," and that's exactly what God the Father does for those who repent of their sin and believe in His Son. He binds us to Himself in His eternal existence. It is a bond of peace that can never be broken—nothing and no one can tear us from His almighty, everlasting grip. We can never be condemned, because God Himself has justified us.

The power of the cross, which reconciled us to God, continues throughout our Christian life in the process of sanctification. This is the means by which God Himself conforms us to the image of His Son. We have both peace with God and the peace of God, which guards our hearts and minds as we obediently trust Christ as the head of His body, the church (Colossians 1:18).

God binds us to Himself in His eternal existence. It is a bond of peace that can never be broken.

The peace of the cross reaches even beyond this earthly life. Christ reconciled us through His death in order to present us "holy and blameless and beyond reproach" when we stand before God (Colossians 1:22). Because Jesus Christ is "the firstborn from the dead" (Colossians 1:18), we also have the promise of resurrection to eternal life. Then we'll be completely free from sin, standing before our Savior in eternal glorified bodies.

The cross of Christ makes peace not only between God and man but also between God and creation. Adam and Eve's transgression brought an all-encompassing curse, which Romans 8:19-21 describes this way: "For the anxious longing of the creation waits eagerly for the revealing of the sons of God. For the creation was subjected to futility, not willingly, but because of Him who subjected it, in hope that the creation itself also will be set free from its slavery to corruption into the freedom of the glory of the children of God."

Obviously, the Bible's vision of freedom hasn't yet been fully realized in the world. We look around and see that the earth still groans with earthquakes, hurricanes, droughts, and other disasters. It's still waiting for full restoration. According to Scripture, that will take place when the glorified children of God are revealed with Christ, as He returns to take His rightful position—King of kings and Lord of lords, the firstborn heir of all creation.

In light of all this, it's no wonder Paul boasted in the cross of Christ. But the question we must each ask ourselves is: Do I boast in the cross? More importantly, have I accepted what He's done for me in willfully subjecting Himself to crucifixion? This is the most important choice we'll ever face in life. The only alternative is to remain alienated and separated from a holy God—the God who loves us so much that He took the initiative to offer us peace with Him through the cross of His Son.

THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE

(Click to view)

‘n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand
Die Tweesnydende Swaard
God Eis ‘n Heilige Lewe
Hoe belangrik is die Ou Testament
Getuienisse—Volume 1
Die Bybel en siektes
Geloof soos n Mosterdsaad
Paulus se doring in die vlees
Hoe moet ek Bid
Israel of Ishmael
Geloofsbrood vir die Somer
Hoe kan ek verlos word van vrees?
Die Vrou na God se Hart
Stap vir Stap
Slaankrag in Lofprysinge
Vanaf Eden tot by die Kruis
Vas en Gebed
Wat is die gevare oor Karate
Wat is die New Age
Wat Verwag God van die Huisgesin?
Geloofsbrood vir die Winter

